Nuusbrief - Noordelike Sinode
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin)
- **Verskil-argief**
- **Geloofsvorming webblad:** www.noordsingeloof.co.za
- **Lig** & **Kerkbode**
- **Stabilis**: www.stabilis.org.za
- **Kerkgeboue in SA:** https://www.facebook.com/Kerkgeboue

Kampterreine:

- **Badseloop kampterrein**: *Vir besprekings, kontak Franscois Genis, (h)014-743 3110 of 082 852 9998, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
- **Emmarentia Geldenhuys Sendingsentrum**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
- **Magaliesberg Jeugkampterrein:** *kontak Natasha du Preez, sel 083 778 4102*

4 Maart 2016
Nr 9/2016

Algemene Sinode

Moderamen: Pastorale brief aan lidmate

Nelis Janse van Rensburg skryf soos volg: "*... Ons, die dagbestuur van die Algemene Sinode, is besorg oor die stand en gang van sake in die wêreld en in Suid-Afrika. Ons rig hierdie brief aan jou om iets van ons besorgdheid te deel, maar ook ons deernis te betuig met lidmate wat in hierdie dae ongemak en spanning ervaar met die wêreld waarin jy leef. Ons, die lidmate van die NG Kerk, word nou, soos selde vantevore, uitgedaag tot 'n nuwe verbintenis om Christus te volg.*
Die ekologiese krisis van aardverwarming en die uitputting van die aarde se bronne, ekonomiese faktore, roekelose ekstremiste wat mense se veiligheid bedreig en immigrante wat na die Weste stroom is ontwrigtend op baie vlakke en daag ook nou gelowiges se vertroue in God uit..." [**Kliek hier** om die inhoud van die skrywe te lees.]

Nuwe aanstelling:

Baie welkom aan **Sophia de Kock** wat vanaf 1 Maart 2016 die nuwe persoonlike assistent van die algemene sekretaris van die Algemene Sinode, Gustav Claassen is.

Seisoen van Menswaardigheid

Die **nasionale taakspan** van die Seisoen van Menswaardigheid het vroeër hierdie week hulle jaarlikse vergadering by Le Chateau in Kempton Park gehad.

Koker, Jan Grobbelaar, Elize Morkel, Elize Julies, Chris van Wyk.

Elize Morkel, voorsitter, skryf: "Die verteenwoordigers van die vier susterskerke het opnuut onder die indruk gekom van ons as dissipels van Jesus Christus se roeping om, ten spyte van sake waaroor ons mag verskil, liefde, eenheid en respek te leef in ons verhoudings met mekaar en ander." *[Met dank oorgeneem uit VrydagNuus, die amptelike nuusbrief van die Wes- en Suid-Kaapland]*

Foto – Agter: Collin Goeiman, Anandie Vosloo, Freddie Schoeman, Leepo Modise, Rev Sejake, Anton Mieny, Meschak Sibeko, De Wet Mouton, Rudolph Scharneck, Marius Maree, Braam le Roux
Voor: Victor Pillay, Dawid Kuyler, Willie Julius, Tshidi Masiki, Barnabas Ngqulelwa, Willie de

Sinodale nuus

Projek Droogtehulp 2016

- Baie dankie aan gemeentes en individue wat reeds vir die droogtehulp bygedra het.

- Gemeentes word aangemoedig om die R200 000 wat die Sinode beskikbaar gestel het, met deurkollektes en op ander maniere aan te vul. Bydraes moet asb. voor die skole in Maart sluit in die Noordelike Sinode se rekening inbetaal word. Merk dit asb. net baie duidelik "Droogtehulp" asook die gemeente se naam. Die bedrag staan tans reeds op R285 686.00
  Bankbesonderhede:
  NEDBANK
  Rek naam : NG Kerk Noordelike Sinode
  Rek no : 1497 016 339
  Tak kode : 198 765
  Verwysing: Droogtehulp
- Gemeentes word versoek om asb. dringend die aangehegte vraelys in te vul en aan ons terug te besorg.
- Gemeentes word gevra om asb. bydraes en foto's van projekte wat reeds geloods is aan Hermien by *hermien@noordsin.co.za* of Chris Lötter te stuur by *chrislotter@ngwaverley.co.za*
- Kameeldrif gemeente is betrokke by 'n inisiatief om gesnyde gras van grasperke as voer te benut. Kyk asb. daarna by https://www.facebook.com/hoopgras/timeline .
- Navrae oor Projek Droogtehulp kan aan Chris Lötter gerig word by 084 586 6552 of *chrislotter@ngwaverley.co.za*

❖ Droogtehulp-inisiatief: Louis Trichardt

Andries Smal (Gemeentebestuurder) skryf vir ons soos volg: *"In `n tydperk waar die ekonomie knyp is dit soms moeilik om geld te vra. Die Sending (Missionale) kommissie van die gemeente het egter kennis geneem van die droogtehulpfonds en wou op een of ander wyse ook help. Toe sien ons die inisiatief van Amos Schreuder en Koedoeskopgemeente en besluit om dieselfde roete te volg.*
Sonder vooraf waarskuwing vra ons die afgelope Sondag dat die deurkollekte vir die droogtehulpfonds ge-oormerk word en dat die Sending kommissie hulleself verbind om ook dieselfde bedrag vanuit hulle fondse oor te betaal aan die droogtehulpfonds.
Die deurkollekte van Sondag was ten minste 5 keer meer as wat dit normaalweg is. Ons gemeente se visie om `n oord van versorging en genesing te wees begin al meer uitkring verder as die gemeentegrense.
Sondagmiddag kom `n groep leraars en geestelike leiers van verskillende denominasies bymekaar om saam te bid – onder andere vir reën. Dele noord van die Soutpansberg kry die naweek tot 150mm reën ---- toevallig???
Alle eer aan ons hemelse Vader wat oneindig groter as enige El Nino verskynsel is en uit genade ook sy kinders se gebed verhoor."

❖ Bybel-lees met 'n verskil:

Die **volgende byeenkoms** vind op *8 Maart 2016* om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas.
** **Skriflesing**: Lukas 16:1-13
** **Navrae:** *Kobus Myburgh* (083 227 7185) of *Fanie Cronjé* (083 415 1452)

❖ 2016 #IMAGINE Jeugfeeste

Registrasies vir die #imagine jeugfeeste, wat plaasvind in **Gauteng, Weskaap** en **Oos-Kaap** in April, is nou oop!

Van *1-3 April 2016* gaan tot 10 000 tieners en jeugleiers saamtrek in drie verskillende plekke in Suid Afrika om ons geroepenheid te bevestig. Tieners van regoor die land kan nou gaan na die iTicket webwerf om hulle plekke te bespreek vir die naweek se **#imagine** feeste: www.itickets.co.za/events/355681.html

Die prys vir die naweek beloop R400 per persoon, en sluit alle maaltye in. Besoek gerus die **#imagine** webwerf (http://imaginemovement.co.za/) vir meer inligting oor die registrasie proses, asook om die vorms te kry indien nie van die aanlyn registrasie opsie op iTicket gebruik maak word nie.

Die 2015 **#imagine** feeste is bygewoon deur meer as 8000 tieners en jeugleiers afkomstig van meer as 150 dorpe en stede regoor Suid Afrika. Hulle het saam gekamp vir 'n langnaweek, en het geïnspireerd teruggekeer na hulle eie gemeenskappe met hoop, visie en 'n duidelike doel om 'n verskil te maak. Hierdie jaar hoop ons dat 'n klomp van ons jongmense en gemeentes saam met ander gelowiges van regoor die land sal bymekaarkom vir 'n naweek van goeie samesyn, baie pret en saam droom oor wat God kan doen in ons land.

Noordelike Sinode Koördineerder: ds EJ Leach, NG Waverley-Oos, 082 459 9727, *ejleach@gmail.com*
Feeskoördineerder: Fouché de Wet, NG Stellastraat, 073 234 0156, *fouche@stellastraat.co.za*
Pamflette en plakkate is ook beskikbaar by die sinodehuis.

❖ Badseloop Skoliekamp 2016:

Personeelkamp: *23-27 Maart 2016*
Skoliekamp: *11-17 Julie 2016*
Klankopname van onderhoud: *Ds Johan Avenant* en *Tommie Rademeyer* gesels oor die Skoliekamp. Leraars kan jongvolwassenes in hul gemeente sterk aanmoedig hierheen. Dit is 'n toerustingsgeleentheid, plek om vriende te ontmoet en plek om heerlik te ontspan [Besoek: https://soundcloud.com/sarina-prinsloo/badseloop-skoliekamp-

interview-pretoriafm-2016]. Ons nooi ook leraars om te kom kuier en eerstehands te beleef hoe hierdie kamp 'n Koninkryksimpak maak in jongmense se lewens.

Meer info en vir aanlyn inskrywings:

Web: www.skoliekamp.co.za
Facebook page: *Badseloop skoolverlaterskamp*
Kampleier: George Dickenson – 082 456 7333/ *5.0georgedickinson@gmail.com*
Diensleidster: Sarina Prinsloo - 072 123 1707 / *skoliekamp@gmail.com*
Leraar: Ds Johan Janse van Rensburg – 072 735 8811/ *dsjoe@ngwps.co.za*

Kolleganuus

❖ Beroep / Bevestiging:

Etienne van Staden word op *5 Maart 2016* bevestig in **Soutpansberg** en lewer op *6 Maart 2016* sy intreepreek.
Rinus Wasserman het die beroep na **Wierdapark-Suid** aanvaar en lewer op *6 Maart 2016* sy intreepreek.
Marco La Grange (proponent) is na **Koedoeskop** beroep en word op *13 Maart 2016* daar georden.
Enslin van Velden word op *17 April 2016* bevestig in **Bergtuin** as leraar (1 jaar vaste termynpos).

❖ Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:

07/03 Deon Haumann [Pietersburg, 083 441 3595, mwdeohau@mweb.co.za]
Dewald Roux [Vorentoe, 072 755 7817, dewaldroux2@gmail.com]
At van Niekerk [Emeritus, 072 456 4284, matrievn@absamail.co.za]

.....

08/03 Monique Tait [Rietfontein-Suid, 012-333 2470, taitgesin@gmail.com]

Gemeentenuus

Universiteitsoord: Brandpuntontbyt

Universiteitsoord hou Vrydag, *1 April 2016* om 07:00, 'n brandpuntontbyt.

- Die gasspreker is **prof Cheryl de la Rey,** *Rektor van UP*, en haar onderwerp is: *Leadership in times of uncertainty*.
- Die koste is R60-00 per persoon vir ontbyt en jy kan per e-pos of per sms bespreek vóór of op Donderdag ***24 Maart***.
- Vir meer inligting of om te bespreek kontak Marius Garbers op 082 789 7963 of per e-pos mgwcom@mweb.co.za

Gebedslys

Hiermee 'n vriendelik uitnodiging aan ons lesers, om enige sake vir voorbidding aan ons deur te stuur – stuur dit direk aan hermien@noordsin.co.za.

- **Dankie vir reën.**
- **Leraars en proponente wat in afwagting is vir 'n beroep. Dink veral ook aan hulle gesinne.**
- **Gemeentes en lidmate wat finansieël baie swaar kry.**
- **Reën en oplossings vir die gevolge van die droogte.**
- **Munisipale verkiesing later vanjaar.**

Ander nuus

❖ Sentrum vir Spiritualiteit, Ring van Suidoos-Pretoria: Retreat *8-10 April* [Gelei deur Willem en Joke Nicol]

Tema: *DIE GESIG VAN DIE VADER WAT JESUS VIR ONS WYS*.
Waar: Dit vind plaas by 'n nuwe, mooi retreatsentrum hier langs Rietvalleirand in Pretoria is. Die naam is Padre Pio en dit behoort aan die Franciskane.
Prys vir volle losies: R1140 per persoon vir 'n enkelkamer en ook as jy 'n kamer met iemand deel. Betaal met inskrywing liefs die volle bedrag, anders R300 deposito.
As jy wil inskryf:

1. Sms vir Helena Sander om te vra of daar nog plek is: 0823352290
2. Sodra jy 'n JA per sms ontvang, kan jy betaal: HJM Sander, Absa spaarrekening 113091088 (Tak: Woodlands, takkode 630-193)
3. Skryf "retreat + jou van + jou noemnaam by die betaling
4. Epos 'n bewys van betaling aan Helena by *sanderhelena0@gmail.com*
5. As jy dit deur die bank stuur, stuur dan net 'n aparte epossie vir Helena, want ons benodig jou eposadres
6. Meld duidelik daarop vir watter bywoners die betaling is

- **ALFA Pastorale Opleiding, Berading en Gemeenskap Sentrum (Gestig: 1987) bied aan:**
  'n Jaarkursus in Pastorale Opleiding, berading en gemeenskapsdiens vanaf *1 Maart 2016-28 Februarie 2017*.
  Status van kursus: Sertifikaat. *Geakkrediteer deur Excelsus Sentrum vir Bedieningsontwikkeling van die Teologiese Fakulteit by die Universiteit van Pretoria, 100 VBO punte*
  Volledige inligting: Kliek hier
  Navrae: Dr Jan Botha Tel 012 5463545, Sel 0764815683 en e-pos *jan@pastoralepraktyk.co.za* & dr Retha Kruidenier, tel 012 3291352, sel 0824138462 en e-pos *retha@geo-logic.co*
  Webwerf: alfapastoralepraktyk.com en zamazamahope4u.com

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

- **Die Kuratorium van die NG Kerk van Transvaal:**
  Vakature: Die Hoof vir (NG) Kerkeie Teologiese Opleiding
  Diensaanvaarding: 1 Julie 2016 of so spoedig moontlik daarna
  - **Navrae** by dr Paul du Plessis (083 446-9426) of ds Nico van Rensburg (083 534-2341)
  - Die sluitingsdatum vir aansoeke is *31 Maart 2016* om 24:00 [**Kliek hier** vir volledige besonderhede]

- **Pionierspark, Windhoek: Vakature Medeleraar (*opdrag Jeug*)**
  Diensaanvaarding: So spoedig moontlik
  Rig alle CV's aan: ngkppark@iway.na
  Navrae: Dries Burger +264 812518088 of dburger@iway.na
  Sluitingsdatum: *21 Maart 2016*

- **Mootvallei Pretoria**
  Vakature: Jeugpredikant (50% pos) vastetermyn-kontrakpos vir drie jaar
  Navrae: Dr Jan Botha: 0764815683 of Kerkkantoor 012 3350611 (08h00-16h00)
  Sluitingsdatum vir aansoeke: *5 April 2016 om 12h00*
  Diensaanvaarding: Nie later nie as **1 Mei 2016** of soos in oorleg met die suksesvolle kandidaat gereël.

- **Lys van leraars wat aangedui het dat hulle beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn uit te help** - **Kliek hier**
  Naamlys van proponente wat 2015 by UP gelegitimeer is – **kliek hier**.

Ten slotte

Die onskuld van 'n kind... **Kliek hier**

BYLAES

Droogtehulp vraelys

NG KERK NOORDELIKE SINODE

Sinodehuis: Steve Bikoweg 125B, SUNNYSIDE, 0002

Posbus 28353, SUNNYSIDE, 0132

Droogtehulp-behoeftebepaling

Leraarsvraelys

1. Naam van Gemeente? .....
2. In watter Dorp/Stad/Streek is die gemeente geleë?.....

3. Naam en Van van Leraar? .....
4. Kontaknrs en eposadres(se) van Leraar(s)?.....
   .....
   .....
5. Kontakpersoon en Kontakbesonderhede tov Droogtehulp / Deernis / Diens van Barmhartigheid in Gemeente?
   .....
   .....
6. Word jul omgewing geraak deur die huidige droogte toestand in die land?
   Ja: ..... Nee: ..... Nog nie: ..... Onseker: .....
7. Indien nie: Beantwoord asb die volgende vrae:
   7.1 Sal jou gemeente graag 'n Bydraende Gemeente wil wees? Ja Nee
   7.2 Sal jou gemeente graag 'n Hulpverlenende Gemeente wil wees? Ja Nee
   7.3 Indien wel, Voltooi asb die res van die Vraelys. Sou jy belangstel om gebruik te maak van die volgende gratis dienste:
      7.3.1 Traumaberaders? JA NEE
      7.3.2 Genomineerde leraars wat spesifieke eredienste kom lei tov die trauma wat beleef word? JA NEE

8. Boerdery-gemeenskap
   8.1 Hoe sou jy die droogte situasie in jul omgewing beskryf?
   .....
   .....
   .....
   8.2 Hoeveel boere in jul omgewing word intens geraak deur die droogte?.....
   8.3 Watter Hulporganisasies is alreeds betrokke in jul omgewing?
   .....
   .....
   8.4 Watse hulp is alreeds verleen in jul omgewing? .....
   .....
   .....
9. Dorpsgemeenskap
   9.1 Hoe word huisgesinne in die dorp tans deur die droogte geraak? .....
   9.2 Op watter wyse is jul gemeente alreeds betrokke in hulpverlening? .....
   .....
   9.3 Watter hulp sou jy graag van die sinode wou ontvang? .....
   .....
   .....
10. Enige inligting wat jy graag aan die sinode sou wou deurgee? .....
    .....
    .....
    .....
    .....

Terug

Moderatuur: Algemene Sinode
Pastorale skrywe aan lidmate 1/3/2016

Die oorspronklike skrywe is beskikbaar by
http://www.ngkerkas.co.za/wp-content/uploads/2013/04/NGK-Moderamen-Pastorale-brief.pdf

Liewe Lidmaat

Ons, die dagbestuur van die Algemene Sinode, is besorg oor die stand en gang van sake in die wêreld en in Suid-Afrika. Ons rig hierdie brief aan jou om iets van ons besorgdheid te deel, maar ook ons deernis te betuig met lidmate wat in hierdie dae ongemak en spanning ervaar met die wêreld waarin jy leef. Ons, die lidmate van die NG Kerk, word nou, soos selde vantevore, uitgedaag tot 'n nuwe verbintenis om Christus te volg.

Die ekologiese krisis van aardverwarming en die uitputting van die aarde se bronne, ekonomiese faktore, roekelose ekstremiste wat mense se veiligheid bedreig en immigrante wat na die Weste stroom is ontwrigtend op baie vlakke en daag ook nou gelowiges se vertroue in God uit.

Suid-Afrikaners is ook onderhewig aan ’n groeiende spanning tussen diegene met bates, belange en wat baie het om te verloor, en diegene wat niks het om te verloor nie. Ons weet dat hierdie kloof in Suid-Afrika van die grootste in die wêreld is. Die simptome en implikasies van hierdie spanning word daagliks in die media rapporteer. Die voortgaande politieke transformasie in ons land vereis dat groot politieke en ekonomiese aanpassings gemaak word.

Dit stel besondere eise aan lidmate van die NG Kerk. Baie van ons lidmate geniet om historiese redes meer ekonomiese en sosiale voorregte as die gemiddelde Suid- Afrikaner. Die eise om die herverdeling van rykdom, toegang tot studie- en werksgeleenthede en ’n groter aandeel aan die ekonomiese bronne van die land deur mense wat voorheen nie op gelyke vlak toegang daartoe gehad het nie, het dus implikasies vir ons lidmate in bevoorregte posisies. As navolgers van Christus is ons ook ernstig daaroor dat daar geregtigheid vir alle mense moet geskied en neem ons heelhartig deel aan maatreëls om ons land te genees.

Ons is daarom ook dankbaar om deel te wees van ’n kerk en kerkfamilie wat op ’n wonderlike wyse die nood van mense aanspreek. Te min erkenning word gegee vir die wyse waarop ons oor die grense van kerklidmaatskap dienend leef en werk. In die familieverband is ons sinodes se finansiële barmhartigheidsbydrae meer as R1,2 miljard per jaar. Ons lewer jaarliks professionele maatskaplike dienste aan meer as ’n miljoen mense. Dit beïnvloed bykans 5 miljoen mense se lewens. Maar veel groter as dit is die bydraes van gemeentes en lidmate in hulle persoonlike roeping tot die welsyn en ondersteuning van mense wat swaarkry. Daar is nie ’n gemeente en bykans geen lidmaat wat nie uitdeel en gee sonder om terug te verwag nie. Hierdie hulp geskied oor alle grense van ras, taal en agtergrond. Dis nêrens aangeteken nie en ons loop nie daarmee te koop nie. Ons antwoord met ons lewenstyl op die nood van Suid-Afrika. Ons het met ons lewens ’n dienende kerk geword en ons roep ons gemeentes en lidmate op om juis nou voort te gaan om as dienende kerk te leef.

Ons is egter bekommerd oor die kultuur van minagting en stereotipering wat oor die afgelope jare in ons land ontwikkel het. Byna alle indekse dui daarop dat die sosiale kohesie in ons land onder toenemende druk verkeer en rassespanning as gevolg daarvan toeneem. Die wyse waarop mense, waaronder ons lidmate, gestereotipeer, uitgesluit en bedreig word en soms met venyn beledig word, is kommerwekkend. Baie van ons mense verkeer, soos ander Suid-Afrikaners, ook vanweë ekonomiese redes onder uiterste druk. Voeg hierby die plaasaanvalle en plaasmoorde wat duisende gelowiges se lewens radikaal beïnvloed en verwoes. Grondeise wat vir jare en jare draal, ontneem landbouers van hulle sekuriteit en toekomsvisie. Die regering se voorgestelde beperking van die grondoppervlakte wat boere mag besit, hou ook nie rekening met die eise van suksesvolle kommersiële landbou nie en is ’n bedreiging vir voedselsekuriteit. Die styging in voedselpryse raak almal in ons land, maar veral die armstes word swaar getref. Dit plaas uiteraard ook druk op ons vermoë om diegene wat arm is en ly, te help. Die droogte het ons landbougemeenskap verder onder geweldige druk geplaas. Die gebrek aan basiese dienslewering en noodsaaklike onderhoud aan paaie, elektrisiteits- en watervoorsieningsnetwerke wek ook groot kommer en frustrasie.

Ons hoor voortdurend verhale van jong lidmate van die NG Kerk met uitstaande akademiese prestasies in matriek wat nie keuring vir hulle voorkeurkursusse aan tersiêre instellings kry nie. Druk op openbare skole tot eentalige onderrig in Engels het eweneens implikasies vir lidmate se taal- en opvoedingsvoorkeure.

Die voortgaande ontwrigting op verskeie universiteitskampusse is ’n bron van baie groot kommer. Die wyse waarop studente geviktimiseer word en onder druk geplaas word, die impak van groter politieke agendas wat op kampusse aan die orde kom en studente se lewens beïnvloed, die wyse waarop Afrikaans as onderrigtaal hanteer word, asook die hoogs bedreigende en vlambare omstandighede waarin studente hulle bevind, dra op grootskaalse wyse by tot mense se gevoel van bedreiging en spanning. Die oënskynlike gebrek aan ewewigtige leierskap deur die regering – waarin die belange van almal ewe ernstig geneem word – vererger grootliks die gevoel van onveiligheid.

Ons verstaan dat baie lidmate tans op ’n emosionele vlak swaarkry, ontwrig is deur openbare disrespek, diskriminasie ervaar en daarmee saam diep gevoelens van vernedering en verwerping beleef.

Ons is saam met ons susterskerke in ’n Seisoen van Menswaardigheid. Ons wil graag meewerk om respek tussen mense te herstel. Ons wil ook met deernis na mense luister en soos dit gelowiges betaam, mense omarm. Ons verbind ons in die Seisoen opnuut tot selfprysgewende liefde. Ons wil op hierdie wyse ’n kragtige getuienis oor die alternatiewe soort lewenstyl wat Jesus ons geleer het, lewer. ’n Mens kan in hierdie spanningsvolle tyd maklik deel word van die groep Suid-Afrikaners wat disrespekvol is. Jy kan aansluit by diegene wat praat oor ander sonder dat hulle ooit geluister het en hulself in die ander se skoene geplaas het. Jy kan jouself onttrek en geen verantwoordelikheid aanvaar vir die land of vir mense wat anders as jy is nie. Mens kan ook nou kies om net te blameer en veroordeel en geen bydrae maak tot geregtigheid en die heling van ons land nie. Jy kan saamspeel en rassisme koester. Daar is baie opsies.

Verreweg die meerderheid van die NG Kerk se mense, so glo ons, het egter reeds gekies om ’n konstruktiewe bydrae te maak, om betrokke te bly by ander, om respekvol te bly ongeag enigiets wat van jou gesê word of aan jou gedoen word, om ons medemens te omarm en te luister na ander se stories en menings, en om lief te hê en so in Christus se voetspore

te volg. Ons maak daagliks, weer en weer, die beslissing om as navolgers van Christus anders te reageer as mense wat Hom nie ken nie. Ons kies vir respek en luister, vir omarming en liefhê met die oog op die belang van die ander. Ons verstaan dat God hierdie land vir ons almal gegee het en dat ons net gelukkig kan wees as daar na almal se belange omgesien word en daar geregtigheid vir almal is.

Ons, die dagbestuur van die NG Kerk se Algemene Sinode, bid daarom dat die Heilige Gees self elkeen sal troos wat in hierdie dae ly en seerkry as gevolg van disrespek en 'n gebrek aan begrip en liefde van mede-burgers. Ons bid vir jou vir wysheid en fyn aanvoeling met die oog op 'n Godvrugtige lewe. Ons bid dat Filippense 1:9 en 10 vir jou waar sal wees: "Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom." Ons moedig jou aan om vanuit 'n diep persoonlike verhouding met God te onderskei wat sy roeping vir jou is. Ons bid dat jy dan daagliks met jou lewe sal getuig van die transformerende krag wat uitgaan van ons Hoof, Jesus Christus. Mag jy sy vrede en trou, sy inspirasie en krag ondervind en met jou lewe saamskryf aan 'n alternatiewe storie vir Suid-Afrika.

Die Here is met jou!

In Christus

Nelis Janse van Rensburg
Namens die Algemene Sinode Moderatuur

Terug

Die Kuratorium van die NG Kerk van Transvaal:

Vakature: Die Hoof vir (NG) Kerkeie Teologiese Opleiding

1. Vereistes

- 'n Gelegitimeerde leraar van die NG Kerk
- 'n Passie en visie vir die uitbouing van teologiese opleiding in diens van die NG Kerk
- Goeie vermoë om met studente te assosieer en vir hulle as mentor op te tree in hulle geestelike en bedieningsontwikkeling
- Gesonde menseverhoudings en 'n goeie spanwerker
- Goeie organisatoriese en administratiewe vermoëns om die kerklike teologiese opleiding verder uit te bou
- Bewese ervaring van gemeentelike en kerklike werksaamhede
- Bewese ervaring in die aanbied en ontwikkeling van kerklike/teologiese kursusse en toerusting
- 'n Voldoende ervaring in telematiese ondersteuning vir teologiese opleiding
- 'n Wye netwerk van skakeling met ander persone en kerklike en akademiese instansies sal 'n aanbeveling wees
- 'n Doktorsgraad in Teologie sal 'n aanbeveling wees

2. Verantwoordelikhede

- Hierdie persoon sal verantwoordelik wees vir die beplanning, ontwikkeling en aanbieding van die Kerkeie Teologiese Opleiding in samewerking met die Teologiese Fakulteit van UP en die begeleiding van die studente van die NG Kerk
- Dit sluit in:

- Die beplanning, aanbieding en begeleiding van die kerkeie programme vir eerste- tot sesdejaar studente
- Die begeleiding van tweedeloopbaanstudente
- Die organisasie en aanbieding van die gemeentejaar
- Die begeleiding van predikante wat as mentors vir studente optree
- Die ontmoeting, inskakeling en pastorale begeleiding van teologiese studente
- Die spiritualiteits- en persoonsvorming van die studente en die ontwikkeling van geestelike leierskap
- Die bevordering van 'n eie kerklike etos, identiteit en die missionale karakter van die NG Kerk
- Skakeling met die Teologiese Fakulteit en die dosente van die NG Kerk

3. Voordele

- Vergoeding volgens Algemene Sinode se skaal
- Kantoor by Universiteit van Pretoria.

4. Diensaanvaarding

- 1 Julie 2016 of so spoedig moontlik daarna
- Aansoeke moet 'n volledige CV bevat en motivering van die aansoek. Die aansoek word gerig aan: Die Voorsitter van die Kuratorium, *ngkerk@up.ac.za*. Navrae by dr. Paul du Plessis (083 446-9426) of ds. Nico van Rensburg (083 534-2341)
- Die sluitingsdatum vir aansoeke is *31 Maart 2016* om 24:00

Die Kuratorium behou die reg voor om nie uit die aansoeke 'n benoeming te maak of enigsins 'n aanstelling te maak nie.

Terug

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

- ***Dirk van Zyl*** *(emeritus) is beskikbaar vir preekbeurte in en om Pretoria. Sel 084 038 8993; e-pos cecilejvanzyl@gmail.com*
- ***Wynand van Beek*** *is beskikbaar vir preekbeurte in die Limpopo streek. Kontak hom by 083 265 1118 / wynandbe@nfp.nedbank.co.za*
- ***(Dr) Louis Louw*** *(emeritus) is beskikbaar vir eredienste en deeltydse aflos/brugbediening in en om Pretoria. Kontak hom by 012-9931574 of 072-461663 of e-pos: louisklouw@absamail.co.za*
- ***(Dr) Gerhard Bothma*** *is beskikbaar vir die lei van eredienste en deeltydse hulp aan gemeentes in en rondom Pretoria. 0824123479 en gerhard@drgerhardbothma.co.za*
- ***(Dr) Martin Lazenby*** *(emeritus) is beskikbaar vir eredienste, of pastorale pos vir seniors of selfs 'n kontrakpos, en as brugleraar. Hy kan ook webblaaie ontwerp en instand hou vir gemeentes. Sy kontaknommer is 079 493 4957 en sy e-posadres is: doklazenby@gmail.com.*
- ***Hennie Horn*** *(emeritus) beskikbaar vir enige afloswerk en preekbeurte in en om Pretoria. Sel 0827439238; landlyn 012 5485796; e-pos henniehorn@telkomsa.net.*
- ***Jan Viljoen*** *is beskikbaar vir preekbeurte/aflos. Kontak hom by 081 241 0676 / 012 310 9114/ dsJanViljoen@gmail.com*
- ***Stanley JJ Strydom*** *is beskikbaar vir aflos preekbeurte en kan reis. Kontak hom by 083 299 1090, stanley.strydom@gmail.com*
- ***Ernst Muller*** *in samewerking met die Taakspan Diensgetuienis is beskikbaar vir bemoedigende uitreikgerigte boodskappe. Kontak hom by 012-527-0015 / 082-656-1107, erdvark@xsinet.co.za*
- ***Bertus van der Westhuyzen*** *(emeritus) is beskikbaar vir afloswerk landswyd, sowel as in Namibië. Kontak hom by b@telkomsa.net of 082 788 4466*
- ***Corrie Greeff (beroepbaar)*** *is beskikbaar vir afloswerk en preekbeurte en kan reis. Kontaknommer: 0829285586. E-pos: cwgreeff@absamail.co.za*
- ***Anton Binneman*** *is beskikbaar vir aflos preekbeurte. Kontak hom by sel 083 236 3590, of drbinneman@gmail.com*
- ***Danie van Niekerk*** *- Woonagtig in Centurion en is ook beskikbaar vir preekbeurte. Kontak besonderhede: epos: vanniekerkmail@gmail.com en selfoon: 082 045 6881*
- ***(Dr) Jannie Botha*** *- Pretoria en omgewing. Kontak hom by telefoon: 083 303 9767 of 012 344 3768 of jjbotha@mweb.co.za*
- ***(Dr) Louis van Deventer*** *is beskikbaar om af te los in 'n gemeente. Kontakbesonderhede: e-pos louisvand@absamail.co.za Landlyn: 012 567 6566. Selfoon: 082 567 0945*
- ***(Ds) Dirk van Zyl*** *is beskikbaar vir preekbeurte en afloswerk. Kontak hom by landlyn 012-332 0330, selfoon 084 038 8993 of e-pos cecilejvanzyl@gmail.com*

Teologiese studente en proponente:

** Neem asseblief kennis dat die "rubriek" ontstaan het nadat ons navraag ontvang het vanaf gemeentes wat leraars se hulp op 'n kort termyn nodig het, asook leraars wat beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn te help.*

** Die Fakulteit (Univ van Pretoria) stel, net na die legitimasie gedurende November, wel die name en kontakbesonderhede van die proponente beskikbaar. Dit word dan in die Kerkbode opgeneem en wyd versprei.*

Terug

Proponente – Pretoria 2015

JOHANNES THEODORUS (Hanno) ACKERMAN is op 9 Maart 1991 gebore. Sy kontaknommers is 079 543 5261 / 012 997 2103, of e-pos hannoackerman@yahoo.com.

CARINE BOTHA is gebore op 5 Januarie 1990. Carine kan gekontak word te Wernerstraat 8, Del-Judor x2, Witbank, 1035 / 082 572 3537 / botha.carine@gmail.com.

HELENA PETRONELLA (Ronel) COERTZEN is gebore op 19 Mei 1967. Ronel kan gekontak word by 074 606 7352 / ronelc1905@gmail.com.

WILLEM CHRISTOFFEL (Willie) CROUS is gebore op 18 September 1969. Willie kan gekontak word by 072 536 6775 / willie.crous@gmail.com.

MéRI DU RANDT is gebore op 8 April 1991 Méri tree op 14 November in die huwelik met Juan Schoeman en kan gekontak word by 074 432 4714 / meraai.durandt@gmail.com.

MARIKE GLAS is gebore op 22 Mei 1990. Sy kan gekontak word by 082 801 4369 / marikeglas@gmail.com.

CARLA GROBBELAAR is gebore op 2 Mei 1991. Carla kan gekontak word by carlagrobbies@gmail.com / 079 876 8471.

GERRIT JOHANNES (Nicky) HATTINGH is gebore op 8 Desember 1991. Nicky se kontakbesonderhede is 083 357 2420 / nickyhattingh@gmail.com / 805 Floraunaweg, Pretoria-Noord, 0182.

JOHANNES MARIUS (Johannes) JANSE VAN RENSBURG is gebore op 29 September 1981. Johannes se kontakdetails is 083 412 4530 / mjohannesjvr@gmail.com.

PETRO JONKER is gebore op 21 Julie 1991. Petro kan gekontak word by 072 048 9856 / petrojonker3@gmail.com.

FRIEDRICH KOTZÉ is gebore 2 Januarie 1991. Friedrich kan gekontak word by friedrichk121@gmail.com of 082 948 8254 / 014 736 6008.

THOMAS IGNATIUS FERREIRA (Ferreira) MARAIS is gebore op 7 Julie 1984. Ferreira is getroud met Carla Marais. Hy kan gekontak word by 072 804 0621 / ferreiramarais@gmail.com.

ANTHONY PEARSON is gebore op 22 Mei 1991. Anthony kan gekontak word by Brecherstraat 70, Clydesdale, 0002 / 082 467 3348 / anthony.pearson22@me.com

GEORG FREDERICK (Freddie) PROZESKY is gebore op 18 Desember 1991. Freddie kan gekontak word by freddieprozesky@gmail.com / 076 988 7908

WAYNE RENKIN is gebore op 19 September 1991. Wayne kan gekontak word by 084 444 6132 / waynerenkin@gmail.com

JACOBUS ARNOLDUS (Jac) STOFBERG is gebore op 18 Februarie 1982 en is getroud met Isabelle en hulle het ‘n seun en ‘n dogter. Jac kan gekontak word by 1806 Essenwood Crescent, Noordwyk, Midrand, 1687 of jacstofberg@gmail.com/061 440 0541

JANINE WANDA TRUTER is gebore op 15 Julie 1991. Janine kan gekontak word by jini4life@live.com / 072 806 9549 / 012 997 1427.

ANDRIES JOHANNES JACOBUS (Adriaan) VAN TONDER is gebore 11 April 1991. Adriaan kan gekontak word by 083 565 3641 / adriaanvt@mweb.co.za of u10068725@gmail.com / Fouriestraat 9, Oudtshoorn, 6625.

LELANI VAN ZYL is gebore op 30 April 1991. Lelani kan gekontak word by 084 392 1985 / lelanivz5@gmail.com

LEENDERT JELLE WIJNJA is gebore op 24 Februarie 1989. Hy kan gekontak word by 072 681 9143 / leendertwijnja@gmail.com

NA COLLOQUIUM DOCTUM

ODENDAAL, Riaan. Riaan is getroud met Jacqueline. Riaan kan gekontak word by riaan.odendaal@telkomsa.net / 082 497 1891.

Terug

Ten slotte

Terug